# Afrikaanse Liedere by Trek-Herdenking

## Mooi Komposisies van Nederlandse Kunstenaars

deur

JAN BOUWS

DIE herdenking van die Groot Trek wat in Nederland so algemeen gevier is, bewys hoe die belangstelling vir Suid-Afrika in die laaste jare toegeneem het. Op allerlei terrein het dit tot uitdrukking gekom. Behalwe die blyke van belangstelling in die Afrikaanse lewe en kultuur wat reeds vroeër vermeld is (sien *Ons Eie Boek* IV, blss. 186, 187), het die dagblaaie en tydskrifte van allerlei rigting in die weke wat aan 16 Desember voorafgegaan het, verskillende bydraes gehad oor die Trek en sy aanleiding. Tydskrifte soos *De Stem* en *De Gids* het 'n belangrike deel van hul Desembernommers aan die Afrikaanse letterkunde en geskiedenis gewy, terwyl die maandblad *Zuid-Afrika* deur besondere bydraes die aandag getrek het. Die Suid-Nederlandse taalgebied het seker nie agtergebly in die algemene hulde nie. Die groot Vlaamse digter, Cyriel Verschaeve, het sy opstelle oor Suid-Afrika onder die titel *Voortrekkerspad* (met 'n voorwoord van dr. E. J. M. Conradie en 'n biografie van Verschaeve deur dr. P. J. Nienaber) pragtig uitgegee by die uitgewery *Zeemeeuw* in Brugge. Van besonder groot belang is verder dat deur bemiddeling van die Afrikaanse leerstoel aan die Amsterdamse Universiteit voortaan 'n gereelde rubriek oor nuwe Afrikaanse boeke verskyn in *Het Nieuwsblad van den Boekhandel* en die *Nederlandsche Bibliographie* (red. dr. P. H. Ritter), sodat sowel die boekhandelaars as die lesers gereeld op die nuutste Afrikaanse uitgawes gewys sal word. Ook mag die „Suid-Afrikaanse Hoek", wat sinds enige maande weekliks in die algemeen verspreide *Haagsche Post* sy vaste plek het, nie vergeet word nie.

Aktief was in Desembermaand ook die radio. In die sanguurtjie van die VARA het Piet Tiggers met sy sangers die pragtige tweestemmige lied van Corn. Dopper, *Waghondjies* (J. F. E. Celliers), ingestudeer en populêr gemaak. Die AVRO het 'n spesiale hoorspel, *Goud in Transvaal*, opgevoer en in die herdenkingsdae die rede van dr. H. D. van Broekhuizen, Gesant van die Unie van S.A., uitgesaai, waardeur vir die soveelste maal Afrikaans in die Nederlandse huiskamer geklink het.

As 'n besondere hulde aan die Afrikaanse lettere was die liedereprogram opgestel wat op 16 Desember by die Amsterdamse herdenking in die Koloniaal Instituut deur die bekende Nederlandse sangeres Ruth Horna gesing is. Vir hierdie aand was spesiaal komposisies van Noord- en Suid-Nederlandse komponiste gekies wat deur Afrikaanse tekste geïnspireer was. Daar was enkele ou bekendes by, soos Wierts se suiwere *Klaas Vakie* (A. D. Keet) en Hullebroeck se *Trou* en *Vryheidslied* (J. F. E. Celliers). Ander liedere was vir die publiek egter volkome nuut. Daar was die lied van Julius Röntgen, *Komaan* (J. F. E. Celliers), wat *Die Huisgenoot* (deel XXII, no. 813) gepubliseer het in koorsetting, en van die seun van hierdie meester, Johannes Röntgen, was daar 'n Slampamperliedjie van C. Louis Leipoldt, *Sing, vinkie, sing!*, 'n lied van 'n besondere bekoring wat onmiddellik tot die groot saal gespreek het en seker 'n plek verdien in die F.A.K.-Volksangbundel by 'n nuwe druk. Van Celliers se *Dis al* het Ruth Horna 'n onbekende toonsetting van dr. Rudolf Mengelberg gesing, die artistieke leier van die Amsterdamse Concertgebouw en neef van die beroemde dirigent. Dis wonderlik dat dr. Mengelberg se lied nie meer bekend is nie, want elke sangeres sal met hierdie eenvoudige, suiwere verklanking van Celliers se ontroerende verse haar gehoor móet tref. Van die allerjongste generasie was daar 'n komposisie gekies van Wolfgang Wijdeveld: *'n Sanger* (A. G. Visser), 'n lied wat 'n week vroeër op 'n liedereaand deur die sangeres Bettie van den Bosch-Schmidt ook reeds gesing was.

Met hierdie program het die Amsterdamse herdenkers bedoel om die Afrikaanse digters te eer en die Nederlandse komponiste aan te spoor. Mag daar nog baie liedere ontstaan wat die luisteraars so ontroer as die toegif wat Ruth Horna gesing het: die *Wiegeliedjie* van Langenhoven en Hullebroeck, waarin woorde en musiek so innig met mekaar verwant is dat die een nie meer van die ander weg te dink is nie.



Ruth Horna

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012